education

Department: Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# REKENINGKUNDE

# EKSAMENRIGLYNE

# GRAAD 12

# 2008

**Hierdie riglyn bestaan uit 4 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**BEPALING VAN DIE MINIMUM INHOUD VIR DIE GRAAD 12 2008 REKENINGKUNDE-EKSAMEN:**

INLEIDING

Met die oog daarop om onderwysers by te staan in hul voorbereiding vir die Graad 12-eksamen in November 2008, het die Departement van Onderwys besluit om skole van Eksamenriglyne wat die minimum standaarde wat deur alle leerders bereik moet word, te voorsien. Dit is die **minimum standaarde** vir die eksamen en daarom word skole aangemoedig om seker te maak dat alle standaarde wat in die Vakassesseringsriglyne voorgeskryf word, gedek is. Dit is slegs 'n tydelike maatreël totdat die Vakassesseringsriglyne hersien is. Hierdie faktore sal ook in aanmerking geneem word wanneer hersiening van die Kurrikulumverklaring na 2008 gedoen word.

Die aangehegte tabelle bevat die onderwerpe wat as die minimum vakinhoud vir die Graad 12 nasionale eksamen in 2008 beskou moet word. Neem kennis dat dit baie belangrik is dat die drie leeruitkomstes gedek moet word inhoud ooreenstemming met die toepaslike gewigstoekening volgens die gepubliseerde Vakassesseringsriglyne. Hierdie stipulasie van die minimum inhoud beïnvloed LU1 in besonder in elke graad, want dit is die grootste LU in die Rekeningkunde-Kurrikulumverklaring.

Deel A bevat 'n opsomming van die assesseringstandaarde wat deur die bepaling van die minimum inhoud vir die November 2008-eksamen geraak word. Deel B bevat 'n volledige lys van moontlike eksamenonderwerpe.

## DEEL A: OPSOMMING VAN ASSESSERINGSTANDAARDE WAT DEUR DIE BEPALING VAN DIE MINIMUM IN HOUD WAT IN GRAAD 12 GEËKSAMINEER GAAN WORD, GERAAK WORD

| **Graad** | **Verwys na die vlg. LU's & AS'e** | **Onderwerpe** | **Verduideliking** |
|---|---|---|---|
| Graad 12 | 12.1.2 | Die unieke verskille in verband met beslote korporasies en maatskappye op te teken. | Inhoud van hierdie AS'e word beperk tot slegs **maatskappye**. Verwys na VAR (Vakassesseringsriglyne). Hierdie onderwerpe behoort deel te vorm van die deurlopende assessering ('CASS') en moet nie intensief in die jaar-eind summatiewe eksamen gedek word nie. Onderwysers moet fokus op unieke rekeninge in die konteks van maatskappye. Onderwysers word aangeraai om die verskille tussen **maatskappye** en **beslote korporasies** vir agtergrondskennis te dek. |
| | 12.1.2 | Brondokumente, joernale en grootboeke | |
| | 12.1.3 | Rekeningkundige vergelyking | Aangesien hierdie aspekte intensief onder **maatskappye** gedek word, sal dit nie in die konteks van **beslote korporasies** getoets word nie. |
| | 12.1.5 | Finale rekeninge | |
| | 12.1.5 | Die opstel, ontleding en vertolking van finansiële state | |

**ALLE ANDER ASSESSERINGSTANDAARDE WORD TEN VOLLE GEËKSAMINEER!**
**Addendum B: Sien die tabelle vir die opsomming van die onderwerpe wat die minimum inhoud bepaal**

Kopiereg voorbehou 

## ADDENDUM B: KONTROLELYS VIR EKSAMENS

### Inhoud van assesseringstandaarde word hieronder verkort.

**Verwys na NKV, LPRG & VAR vir verdere beskrywings en gewigstoekenning van Leeruitkomste. Die eksamen in Graad 12 sal aandag gee aan die Graad 12-Assesseringstandaarde, alhoewel aspekte van die Graad 10- en 11-Assesseringstandaarde 'n invloed hierop kan hê. Verwys na die VAR vir die mate waartoe Graad 10- en 11-Assesseringstandaarde by die Graad 12-eksamen ingesluit kan word.**

| GRAAD 12 | | Eksamen |
|---|---|---|
| 12.1.1 | Konsepte / AARP - vervaardiging | ✓ |
| 12.1.1 | Konsepte / AARP - beslote korporasies | ✓ |
| 12.1.1 | Konsepte / AARP - maatskappye | ✓ |
| 12.1.2 | Unieke inligting op te teken - slegs maatskappye (nie BK nie) | ✓ |
| 12.1.3 | Rekeningkundige vergelyking - slegs maatskappye | ✓ |
| 12.1.4 | Ontleed en vertolk bank-, debiteure- en krediteurerekonsiliasies – alleeneienaar | ✓ |
| 12.1.5 | Finale rekeninge - slegs maatskappye | ✓ |
| 12.1.5 | Finansiële state - Inkomstestaat - slegs maatskappye (nie BK nie) | ✓ |
| 12.1.5 | Finansiële state – Kontantvloeistate - slegs maatskappye (nie BK nie) | ✓ |
| 12.1.5 | Finansiële state - Balansstaat - slegs maatskappye (nie BK nie) | ✓ |
| 12.1.5 | Finansiële state – Notas - slegs maatskappye (nie BK nie) | ✓ |
| 12.1.5 | Ontleding en vertolking van finansiële state - slegs maatskappye (nie BK nie) | ✓ |
| 12.1.6 | Ontleed gepubliseerde finansiële state en ouditverslae van maatskappye | ✓ |
| 12.1.7 | Pas die beginsels van BTW toe | ✓ |
| | | |
| 12.2.2 | Die opstel, aanbieding, ontleding en rapportering van die koste van 'n vervaardigingsonderneming | ✓ |
| 12.2.2 | Vervaardigingsonderneming - Produksiekostestaat op te stel | ✓ |
| 12.2.2 | Eenheidskoste & gelyk breek | ✓ |
| 12.2.3 | Ontleed en vertolk Geprojekteerde Inkomstestate - alleenhandelaar | ✓ |
| 12.2.3 | Ontleed en vertolk kontantbegrotings - alleenhandelaar | ✓ |
| | | |
| 12.3.3 | Vertolk en rapporteer oor die beweging van bates in finansiële state | ✓ |
| 12.3.4 | Waardeer en bereken die waarde van voorraad - verskillende metodes om voorraad te waardeer | ✓ |
| 12.3.5 | Dissiplinêre en strafmaatreëls, gedragskode, professionele liggame | ✓ |
| 12.3.6 | Pas interne beheer en interne ouditprosesse toe | ✓ |

Kopiereg voorbehou